

AGRI GAUTENG GRONDWET



INHOUDSOPGAWE

		BLADSY
1.	Naam en Status	3
2.	Missie	3
3.	Doelstellings	3
4.	Magte	4
5.	Lidmaatskap	5
5.1	Geaffilieerde Lede	5
5.2	Geassosieerde Lede	6
5.3	Streke	6
6.	Bestuur en Gesag	6
6.1	Kongres	6
6.2	Spesiale Kongres	8
6.3	Agemene Raad	8
6.4	Dagbestuur	9
6.5	Die President en Vise-President	10
7.	Algemene Bepalings	11
7.1	Wysiging van Grondwet	11
7.2	Likwidasie of Ontbinding	11
7.3	Disaffiliasie	11
7.4	Vertolking	11
8.	Bylaes	12
	Bylaag 1 – Eretoekennings	13
	Bylaag 2 – Delegasie/Goedkeuringsmagte	14
	Bylaag 3 – Begroting en Ouditkomitee Riglyne	17
	Bylaag 4 – Komitees deur die Algemene Raad aangestel	21

1. NAAM EN STATUS

- 1.1 Die naam van die organisasie is "AGRI GAUTENG" (hierna genoem die Unie) wat:
- 1.1.1 'n federasie van landbou-organisasies in die Gauteng-provinsie met gemeenskaplike doelwitte is en hulle derhalwe tot gemeenskaplike optrede verbind;
 - 1.1.2 'n regs persoon is wat as 'n vereniging sonder winsbejag funksioneer;
 - 1.1.3 sy werksaamhede in Afrikaans en/of Engels verrig;
 - 1.1.4 demokratiese beginsels met besluitneming handhaaf;
 - 1.1.5 altyd op die landbou-meriete van sy standpunte fokus; en
 - 1.1.6 sy mandate nie ondergeskik stel aan dié van enige ander organisasie of beweging in die openbare- of privatesektor óf die burgerlike samelewing nie.
- 1.2 Die fondse waarvoor die Unie beskik word slegs vir die bevordering van sy doelstellings aangewend en sal nie onder sy geaffilieerde of geassosieerde lede of ander persone verdeel word nie.

2. MISSIE

- 2.1 Die Unie bevorder namens sy lede die ontwikkeling, winsgewendheid, stabiliteit en volhoubaarheid van die kommersiële landbou in die Gauteng provinsie deur sy betrokkenheid en insette op provinsiale en nasionale beleidsvlak.

3. DOELSTELLINGS

- 3.1 Dit is die Unie se doel om:
- 3.1.1 vir organisasies wat verteenwoordigend is van die spektrum van belange wat 'n direkte belang by die verwesenliking van die Unie se missie stelling het en wie sy Grondwet, asook waardesisteem, wat in ooreenstemming is met Agri SA se waardesisteem, onderskryf, 'n doelmatige en koste-effektiewe organisasie daar te stel waardeur lede se deelname gefasiliteer, standpunte gekoördineer en gesamentlike optrede beplan en bedryf kan word;
 - 3.1.2 met ander organisasies binne en buite die Gauteng provinsie saam te werk, te affilieer of te federeer en netwerkverhoudinge met organisasies of belanghebbendes wat kan bydra tot die verwesenliking van die Unie se missie, te vestig en instand te hou;
 - 3.1.3 die gekoördineerde mening van sy lede aan enige organisasie asook die regering, of ander owerhede voor te lê en met hulle saam te werk in alle sake rakende die welstand en ontwikkeling van die kommersiële landboubedryf, met inbegrip van die daarstelling van toepaslike beleid, wetgewing, dienste of programme;
 - 3.1.4 in belang van ingeligte deelname en besluitneming, effektief met sy lede en landbouprodusente oor sy werksaamhede te kommunikeer asook met buite-instansies en die breë publiek waar 'n korrekte begrip en waardering vir die kommersiële landbou se bydraes, uitdagings en behoeftes geskep moet word;
 - 3.1.5 alle sodanige handeling uit te voer wat na die oordeel van die Kongres of die Algemene Raad betrekking het of bydra tot die verwesenliking van die Unie se missie, óf sodanige ander handeling uit te voer wat na die oordeel van die Kongres of die Algemene Raad tot regstreekse of onregstreekse belang van die landboubedryf mag wees;

- 3.1.6 op 'n gepaste wyse eer te betoon aan persone wat besondere diens aan die Unie en/of die landbou gelewer het, met dien verstande dat dit geen regte vir die betrokke persoon ingevolge dié Grondwet meebring nie;
- 3.1.7 oor genoegsame finansiële hulpbronne te beskik, met in agneming van die belang van ledebydraes vir die legitemiteit van die Unie as verteenwoordigende organisasie, wat sal verseker dat die Unie op 'n deurlopende basis uitvoering aan sy mandate kan gee; en
- 3.1.8 om hom te beywer vir die ontwikkeling en volhoubaarheid van die landboubedryf, insluitende die bewaring van die bodem en die waterbronne van die provinsie, die instandhouding en verhoging van die grondvrugbaarheid en verbeterde produksiemetodes.

4. MAGTE

- 4.1 Die Unie het die mag om in eie naam:
 - 4.1.1 vaste en roerende eiendom te besit, te koop of andersins te verkry, te verkoop, te huur of te verhuur, te verpand of met verband te belas, as sekerheid te neem of te gee en/of op enige ander wyse te vervreem of van die hand te sit, en om enige saaklike of ander reg daarvoor te gee of te verkry en in die algemeen regshandelinge daaromtrent aan te gaan;
 - 4.1.2 fondse of geld waarvoor dit mag beskik, uit te leen en/of op enige wyse hoegenaamd te belê, met of sonder sekuriteit en op sodanige voorwaardes as waarop van tyd tot tyd besluit mag word;
 - 4.1.3 geld te leen en op te neem en lenings van enige soort te verkry en aan te gaan en sodanige sekuriteit daarvoor te gee as wat nodig mag wees;
 - 4.1.4 bankrekeninge te open en daarop te trek en te onttrek;
 - 4.1.5 waar nodig, die verpligtinge van enige persoon of regspersoon te waarborg of vir hulle borg te staan, en om borgaktes en/of aktes van sekerheidstelling te teken en aan te gaan;
 - 4.1.6 regsgedinge in te stel en te verweer en enige geskil aan arbitrasie te onderwerp, en om in verband met sodanige regsgedinge, arbitrasieverrigtinge of geregtelike ondersoeke die nodige regspraktisyns aan te stel en te vergoed;
 - 4.1.7 personeel aan te stel om die werk en sake daarvan te doen en uit te voer met sodanige magte en op sodanige voorwaardes wat betref salaris en andersins as wat van tyd tot tyd bepaal mag word;
 - 4.1.8 honoraria en toelaes aan ampsdraers, voorsitters van komitees, komiteelede en personeel te betaal vir dienste verrig;
 - 4.1.9 ampsdraers, raads-, komiteelede en personeel skadeloos te stel vir enige leed of skade deur hulle in die loop van hulle diens opgedoen;
 - 4.1.10 'n pensioen/aftreeffonds ten behoeve van enige van sy personeel en dié van verwante liggame te stig of in te skakel by 'n bestaande pensioen/aftreeffonds;
 - 4.1.11 enige saak, die bevordering waarvan ingesluit is by die voorafgemelde doelstellings, geldelik te ondersteun;
 - 4.1.12 geskenke en/of bydraes van enige soort te aanvaar en te ontvang;
 - 4.1.13 vennootskappe aan te gaan, trusts of ander sake entiteite tot stand te bring en te bedryf waarvan die funksies versoenbaar of aanvullend is tot dié van die Unie is; en
 - 4.1.14 alles te doen wat nodig mag wees om aan bogemelde magte en aan die voorafgemelde doelstellings uitvoering te gee.

5. LIDMAATSKAP

5.1 Geaffilieerde Lede

- 5.1.1 Die geaffilieerde lede van die Unie sal wees, sodaniges wat voldoen aan die bepalings van hierdie Grondwet en wie se skriftelike affiliasie-aansoek deur die Algemene Raad aanvaar is, onderhewig daaraan dat 'n afskrif van die aansoeker se Grondwet/toepaslike dokumentasie en 'n verklaring dat dit die Unie se Grondwet en waardesisteem onderskryf dit moet vergesel, asook enige ander inligting wat verlang mag word, met dien verstande dat die volgende organisasies vir lidmaatskap kan kwalifiseer:
- 5.1.1.1 landbouverenigings wat uit volopbetaalde lede bestaan en waarvan die doelstellings versoenbaar is met die van die Unie en waarvan die lede hulle geldelike verpligtinge vir affiliasie by die Unie nagekom het;
 - 5.1.1.2 een organisasie per bedryfstak wat volgens die oordeel van die Algemene Raad van voldoende omvang is en/of provinsiaal bedryf word en waarvan die doelstellings versoenbaar is met die van die Unie en waarvan die lede hulle geldelike verpligtinge vir affiliasie by die Unie nagekom het;
 - 5.1.1.3 landboubesighede wat hoofsaaklik landbousake in Gauteng bedryf en waarvan die lede hulle geldelike verpligtinge vir affiliasie by die Unie nagekom het; en
- 5.1.2 Die Algemene Raad besluit jaarliks oor toepaslike lidmaatskapsgeelde vir die opvolgende jaar.
- 5.1.3 Elke geaffilieerde lid het volle outonomie op sy eie gebied met inbegrip daarvan om voorwaardes vir lidmaatskap van sy organisasie te bepaal, met dien verstande dat:
- 5.1.3.1 alle sake wat ook ander geaffilieerde lede se belange in die provinsie raak, of 'n wyer toepassing het, na bespreking daarvan, na die Unie verwys moet word vir koördinerende en verdere optrede; en
 - 5.1.3.2 indien enige geaffilieerde lid, na die nakoming van die prosedures in subartikel 5.1.3.1, dit onmoontlik vind om met die meerderheid saam te stem, hy die reg het om sy sienswyse onafhanklik aan enige instansie voor te lê.
- 5.1.4 Enige geaffilieerde lid moet, indien hy sou besluit om te bedank, sy bedanking skriftelik binne drie (3) maande vanaf die begin van die Unie se finansiële jaar by die Unie indien, by gebreke waarvan alle bestaande geaffilieerde lede beskou word as lede vir daardie boekjaar.
- 5.1.5 Die Algemene Raad kan die lidmaatskap van enige geaffilieerde lid by die Unie beëindig indien daardie lid versuim om sy geldelike verpligtinge teenoor die Unie of ander voorwaardes en pligte van lidmaatskap na te kom, met dien verstande dat:
- 5.1.5.1 die Dagbestuur besluit om beëindiging van die lidmaatskap by die Algemene Raad aan te beveel;
 - 5.1.5.2 die betrokke geaffilieerde lid skriftelik hiervan kennis gegee word, met opgawe van redes;
 - 5.1.5.3 die Algemene Raad met 'n twee-derde meerderheid, by wyse van geslote stembrief, vir die beëindiging van die lidmaatskap van die betrokke lid stem; en
 - 5.1.5.4 die Algemene Raad minstens dertig (30) dae vooraf kennis ontvang dat die beëindiging van die lidmaatskap van 'n betrokke lid by die vergadering oorweeg sal word.
- 5.1.6 Enige geaffilieerde lid wat bedank of waarvan lidmaatskap onder die bepalings van hierdie artikel beëindig word:
- 5.1.6.1 verbeur van die datum van beëindiging van lidmaatskap alle magte, voorregte of seggenskap in die sake van die Unie asook in die geldsake of eiendom van die Unie; en

- 5.1.6.2 is aanspreeklik vir die betaling van die verskuldigde gelde tot aan die einde van die betrokke finansiële jaar.

5.2 Geassosieerde Lede

- 5.2.1 Geassosieerde lede is organisasies wat 'n wesenlike en ander landbou belang verteenwoordig as organisasies wat in terme van subartikels 5.1.1.1, 5.1.1.2 en 5.1.1.3 by die Unie geaffilieer is.
- 5.2.2 Die Algemene Raad het die bevoegdheid om reëls neer te lê aangaande voorwaardes vir geassosieerde lidmaatskap by die Unie, sowel as die verpligtinge, regte en voorregte van sodanige lede, asook om sodanige reëls van tyd tot tyd te wysig, te vervang en/of te herroep, maar met dien verstande dat sodanige lede se verteenwoordigers nie sal beskik oor stemreg in die organisasie nie en ook nie as ampsdraers van die organisasie kan dien nie. Ten opsigte van die beëindiging van lidmaatskap van enige geassosieerde lid, sal die Algemene Raad hom laat lei deur die bepalings van subartikel 5.1.4 van hierdie Grondwet.

5.3 Streke

- 5.3.1 Die Unie kan in verskillende streke vir effektiewe funksionering ingedeel word ter wille van goeie bestuur, indien die Algemene Raad dit sou goed dink.
- 5.3.2 Die grense van die onderskeie streke sal deur die Algemene Raad bepaal word

6. BESTUUR EN GESAG

6.1 Kongres

6.1.1 Gesag van Kongres:

- 6.1.1.1 die Unie se Kongres is sy hoogste gesag.

6.1.2 Samestelling en stemgeregtigdes:

6.1.2.1 President;

6.1.2.2 twee (2) Vise-Presidente;

6.1.2.3 verteenwoordigers wat op die volgende grondslag afgevaardig word:

- 6.1.2.3.1 twee (2) verteenwoordigers vir elke geaffilieerde lid wat sy affiliasiegelde vir die voorafgaande finansiële jaar volopbetaal het;

- 6.1.2.3.2 'n aanvullende toekenning van verteenwoordigers aan geaffilieerde lede wat jaarliks bereken word op grond van die verhoudelike bydraes deur die betrokke geaffilieerde lid tot die finansiering van die Unie in die voorafgaande jaar, welke berekeningsmetodiek deur die Algemene Raad bepaal en jaarliks toegepas word; en

- 6.1.2.3.3 die Voorsitter en Onder-voorsitter van elke Sentrum van Uitnemendheid van die Unie.

6.1.3 Waarnemers

- 6.1.3.1 Die Dagbestuur besluit oor die uitnoui van waarnemers, maar met inagneming daarvan dat geassosieerde lede ook waarnemers na die Kongres kan afvaardig wat aan verrigtinge kan deelneem, maar sonder stemreg.

6.1.4 Kworum

- 6.1.4.1 Die helfte plus een van die afgevaardigdes kragtens subartikel 6.1.2 vorm 'n kworum vir die Kongres, met dien verstande dat vir hierdie doel die aantal afgevaardigdes bereken word volgens die aantal stemme aan hulle toegedeel.
- 6.1.4.2 As 'n kworum, soos bepaal in subartikel 6.1.4.1 hierbo, nie teenwoordig is nie, word die byeenkoms vir 'n halfuur verdaag, waarna die aanwesiges as 'n kworum beskou word, met dien verstande dat sodanige Kongres dan nie besluite rakende grondwetlike veranderinge of ontbinding mag neem nie, maar ander sake op die agenda kan afhandel.
- 6.1.5 Kongresreëls
- 6.1.5.1 Die Kongres word jaarliks tussen Augustus en Oktober in Gauteng gehou.
- 6.1.5.2 Die datum en plek van byeenkoms word minstens twee (2) maande vooruit deur die Algemene Raad vasgestel.
- 6.1.5.3 Die Hoof Uitvoerende Beampte van die Unie gee aan elke geaffilieerde lid minstens dertig (30) dae vooraf kennis van die datum en plek van die Kongres.
- 6.1.5.4 Minstens ses (6) weke voor die Kongres moet elke geaffilieerde lid wat kongresafgevaardigdes mag benoem, 'n lys van die name en adresse van sy afgevaardigdes aan die Hoof Uitvoerende Beampte van die Unie verstrek, met dien verstande dat in gevalle van die onvermydelike afwesigheid van 'n afgevaardigde, die betrokke nominerende liggaam skriftelik tot met die opening van die Kongres 'n plaasvervanger kan benoem.
- 6.1.5.5 Elke geaffilieerde lid, Sentrum van Uitnemendheid en die Algemene Raad, is geregtig om enige aantal beskrywingspunte vir die kongresagenda in te dien, onderhewig aan die volgende:
- 6.1.5.6.1 Die beskrywingspunte moet die Hoof Uitvoerende Beampte van die Unie bereik voor of op 'n datum wat by wyse van 'n skriftelike kennisgewing aan elke geaffilieerde en geassosieerde lid bekend gemaak is, maar welke datum nie later sal wees nie as dertig (30) dae voor die datum van die Kongres, met dien verstande dat geen ander beskrywingspunt op die kongresagenda geplaas sal word sonder die goedkeuring van Kongres nie en dat die President sal besluit op welke tydstip van die Kongres sodanige bykomende sake bespreek mag word; en
- 6.1.5.6.2 alle beskrywingspunte word na die Dagbestuur verwys, wat die beskrywingspunte koördineer en oor die program en sakelys van die Kongres beslis.
- 6.1.6 'n Verslag van die afgelope jaar se werksaamhede, tesame met die goedgekeurde ge-ouditeerde finansiële state vir die afgelope finansiële jaar, moet aan die Kongres voorgelê word vir goedkeuring
- 6.1.7 Stemming by die Kongres geskied by wyse van hoofdelike telling, behalwe by die verkiesing van die President en Vise-President wat by wyse van geslote stembrief geskied, met dien verstande dat:
- 6.1.7.1 die President kan beslis dat oor 'n besondere saak by wyse van geslote stembrief gestem word, en so moet beslis indien minstens tien (10) afgevaardigdes daar teenwoordig dit verlang; en
- 6.1.7.2 afgevaardigdes wat meer as een nominerende liggaam verteenwoordig of gevollmagtig is om meerdere stemme namens sy affiliasie uit te bring, op 'n ooreenstemmende aantal stemme geregtig is soos bereken volgens die bepalings van subartikel 6.1.2, in alle gevalle waar by wyse van geslote stembrief gestem word.
- 6.1.8 die President tree op as voorsitter en het 'n gewone sowel as 'n beslissende stem.
- 6.1.9 die reis- en verblyf koste van genomineerde afgevaardigdes na die Kongres word deur die geaffilieerde lede gedra en is self verantwoordelik vir hulle eie reis- en verblyfreëlings, met dien verstande dat die President en Vise-Presidente se koste deur die Unie gedra word.

6.2 **Spesiale Kongres**

- 6.2.1 Die President kan te eniger tyd – en moet wanneer die meerderheid van die Algemene Raad op 'n wettige gekonstitueerde vergadering so besluit, 'n Spesiale Kongres byeenroep, met dien verstande dat in elke sodanige geval 'n behoorlike kennisgewing, tesame met besonderhede van die doel van die Kongres, minstens dertig (30) dae voor die datum waarop die Spesiale Kongres gehou sal word, aan elke lid van die Algemene Raad asook aan elke liggaam wat kongresafgevaardigdes mag benoem, gepos sal word, met dien verstande dat in die geval van die moontlike ontbinding van die Unie, artikel 7.3 van toepassing sal wees.
- 6.2.2 Kworum reëlins geld soos in Artikel 6.4 uiteengesit.

6.3 **Algemene Raad**

- 6.3.1 **Gesag van die Algemene Raad**
Die Algemene Raad is die hoogste gesag van die Unie wanneer die Kongres nie in sitting is nie en doen verantwoording aan die Kongres.
- 6.3.2 **Samestelling en stemreg:**
- 6.3.2.1 President, met een stem en 'n beslissende stem;
- 6.3.2.2 Twee Vise-Presidente, elk met een stem; en
- 6.3.2.3 elke geaffilieerde lid:
- 6.3.2.3.1 een stemgeregtigde verteenwoordiger; en
- 6.3.2.3.2 'n aanvullende toekenning van stemme aan geaffilieerde lede wat jaarliks bereken word op grond van die verhoudelike bydrae deur die betrokke geaffilieerde lid tot die finansiering van die Unie in die voorafgaande jaar, met dien verstande dat:
- 6.3.2.3.2.1 geaffilieerde lede jaarliks, maar binne 60 dae, na die Kongres op versoek van die Unie se Hoof Uitvoerende Beampte moet aandui wie hulle in die Unie se Algemene Raad as stemgeregtigde lid/lede sal verteenwoordig; en
- 6.3.2.3.2.2 alle lede van die Algemene Raad diens doen tot na afloop van die eersvolgende Kongres, tensy 'n geaffilieerde lid vir die Unie in kennis stel dat hy 'n ander verteenwoordiger of verteenwoordigers benoem het.
- 6.3.3 **Kworum**
- 6.3.3.1 'n Kworum vir 'n Algemene Raadsvergadering is die helfte plus een van die toegedeelde stemme aan ampsdraers en geaffilieerde lede, soos deur teenwoordige lede verteenwoordig;
- 6.2.3.2 indien 'n kworum nie teenwoordig is nie, word die lede teenwoordig beskou as 'n komitee van die Algemene Raad, waarvan die besluite as aanbevelings deur die volgende vergadering van die Algemene Raad of Dagbestuur oorweeg kan word.
- 6.3.4 **Vergaderings**
- 6.3.4.1 Die Algemene Raad vergader minstens twee(2) keer per jaar terwyl die President te eniger tyd kan besluit om die Algemene Raad byeen te roep en dit ook moet doen indien minstens vyf (5) lede dit skriftelik versoek, met dien verstande dat die Algemene Raad jaarliks sy aantal vergaderings vir die volgende jaar en waar dit gehou sal word, sal bepaal.
- 6.3.5 **Magte en pligte**

- 6.3.5.1 Onderhewig aan die beheer en algemene beleid van die Kongres, beskik die Algemene Raad oor al die magte en voer hy al die pligte uit soos omskryf in hierdie Grondwet en mag hy verder na goeiddunke magte deleger en om alles te doen wat nodig mag wees ten einde die Unie se missie en doelstellings te verwesenlik, en om vir hierdie doel meer spesifiek:
- 6.3.5.1.1 alle sake wat deur die Kongres aan die Algemene Raad opgedra word, te hanteer en opdragte van die Kongres uit te voer;
- 6.3.5.1.2 te besluit oor die goedkeuring of beëindiging van lidmaatskap kragtens subartikel 5.1.4 van die Grondwet, met dien verstande dat die Algemene Raad ook norme kan neerlê en toepas oor die hantering van konflikterende aansprake oor geaffilieerde lidmaatskap by die Unie; vir effektiewe funksionering die Unie se bedieningsgebied in verskillende streke kan indeel, met inbegrip van afbakeningreëlings; ondersteuning kan gee met die bylê van verskille tussen geaffilieerde lede; en ondersteuning kan gee met die vestiging van verteenwoordigende strukture vir produsente indien die Unie nie 'n geaffilieerde lid het wat aan 'n bepaalde behoefte ten opsigte van verteenwoordiging voldoen nie;
- 6.3.5.1.3 te besluit by welke organisasies die Unie kan affilieer sowel as oor verteenwoordiging van die Unie in sodanige organisasies, vir welke doel die Algemene Raad 'n kode kan daarstel vir die hantering van benoemings en aanstellings in buiteliggame;
- 6.3.5.1.4 sodanige komitees as wat hy nodig ag mag aanstel, met dien verstande dat:
- 6.3.5.1.4.1 die Algemene Raad 'n Vergoedingskomitee asook 'n Begroting- en Ouditkomitee moet aanstel met duidelike opdragte oor hulle funksies en verantwoordelikhede; en
- 6.3.5.1.4.2 die Algemene Raad beleidskomitees en voorsitters asook ampsdraers vir sodanige komitees mag aanstel en uitvoerende magte aan sodanige komitees mag oordra om binne goedgekeurde beleid en administratiewe prosedures op te tree.
- 6.3.5.1.4.3 reëls en regulasies neer te lê aangaande die samestelling en funksionering van Komiteestrukture, en om op aanbeveling van belanghebbende geaffilieerde lede sodanige reëls en regulasies te hersien, te wysig, te vervang en/of te herroep;
- 6.3.5.1.5 'n kode goed te keur oor die delegasie van magte ten opsigte van besluitneming en indien nodig te hersien;
- 6.3.5.1.6 die Unie se begroting goed te keur, asook geouditeerde finansiële state vir voorlegging aan die Kongres;
- 6.3.5.1.7 'n verslag oor die afgelope jaar se werksaamhede goed te keur vir voorlegging aan die Kongres;
- 6.3.5.1.8 'n kode goed te keur vir die betaling van reis- en verblyfkoste, met dien verstande dat geaffilieerde lede die reis- en verblyfkoste van hulle afgevaardigdes wat die Unie se vergaderings bywoon, dra;
- 6.3.5.1.9 trustfonds(e) of 'n ander besigheids-entiteit(e) te stig en te bedryf sowel as om trustees of direkteure daarvoor aan te stel asook om riglyne neer te lê vir die aanwending van die opbrengste van sodanige trustfonds(e) of onderneming(s);
- 6.3.5.1.10 te bepaal waar die hoofkantoor van die Unie gevestig sal wees;
- 6.3.5.1.11 ouditeure aan te stel en hulle vergoeding vas te stel; en
- 6.3.5.1.12 te besluit oor die toekenning van tekenmagte, met in agneming van nominasies wat die Dagbestuur daaromtrent voorlê.

6.4 Dagbestuur

- 6.4.1 Samestelling
- 6.4.1.1 President;
- 6.4.1.2 twee Vise-Presidente;
- 6.4.1.3 een lid uit die streke soos bepaal deur die Algemene Raad (5.3)
- 6.4.1.3 die Voorsitters van die Sentrums van Uitnemendheid;
- 6.4.1.4 een gekoöpteerde lid, soos deur die Algemene Raad goedgekeur.

6.4.2 Vergaderings

6.4.2.1 Die Dagbestuur vergader minstens vier (4) keer per jaar of wanneer die President so versoek.

6.4.3 Kworum

6.4.3.1 'n Kworum vir 'n Dagbestuur is 'n meerderheid van die dienende lede.

6.4.4 Magte en pligte

6.4.4.1 Die Dagbestuur is ondergeskik en verantwoordelik aan die Algemene Raad met die verantwoordelikheid om in ooreenstemming met sy kode rakende delegasie/goedkeuringsmagte die Unie se finansies te bestuur met die verdere bevoegdheid om beleid te koördineer en goed te keur sowel as om ander pligte te vervul wat die Algemene Raad daaraan mag deleger of opdra.

6.5 Die President en Vice-President

- 6.5.1 Die Kongres van die Unie kies, by volstrekte meerderheid van die aantal stemme uitgebring deur stemgeregtigdes aanwesig by die Kongres, 'n President en twee (2) Vice- Presidente, met dien verstande dat by sodanige verkiesings die stemgeregtigde lede teenwoordig by die Kongres by wyse van geslote nominasie- en stembriewe moet nomineer en stem en dat die reëls wat hiervoor sal geld deur die Kongres as 'n kode goedgekeur word.
- 6.5.2 Enige kandidaat wat tot President of Vice-President verkies word, moet onmiddellik afstand doen van enige politieke of ander ampte wat na die oordeel van die Algemene Raad nadelig kan wees vir die uitoefening van sy plig as ampsdraer van die Unie met 'n onderneming om vir die ampstermyn direk opvolgend na sy/haar uittrede as President of Vice-President, ook nie in die openbare politiek hom/haar vir 'n amp beskikbaar te stel nie.
- 6.5.3 Die verkiesing van die President en Vice-Presidente vir die volgende jaar vind plaas in 'n stadium van die Kongressitting soos in die Kongresprogram bepaal.
- 6.5.4 Die president word verkies vir 'n termyn van drie jaar en kan opvolgende weer verkies word maar mag nie vir 'n derde (3) termyn aaneenlopend verkies word nie.
- 6.5.5 Die vise president word verkies vir 'n termyn van twee jaar en kan opvolgend weer verkies word maar mag nie vir 'n derde (3) termyn aaneenlopend verkies word nie.
- 6.5.6 Indien 'n permanente vakature ten opsigte van die President ontstaan, vul een van die twee (2) Vice-President soos deur die Algemene Raad aangewys hierdie vakature tot na afloop van die eersvolgende Kongres.
- 6.5.7 Indien 'n permanente vakature ten opsigte van (2) twee Vice-Presidente ontstaan, kies die Algemene Raad 'n lid uit sy geledere om die vakature te vul.
- 6.5.8 In die afwesigheid van die President tree een (1) van die twee (2) Vice-Presidente soos aangewys deur die Algemene Raad, wat dan met al die magte van die President beklee word, as voorsitter op. Indien die President en een (1) van die twee (2) Vice-Presidente afwesig is, tree die oorblywende Vice-President as voorsitter op.
- 6.5.9 Die President en Vice-Presidente is ampshalwe lede van elke komitee van die Algemene Raad, maar die besluit berus by hulle of hulle sodanige vergaderings wil bywoon al dan nie.
- 6.5.10 Die prosedure van vergaderings en besprekings word aan die diskresie van die President oorgelaat tensy dit anders beslis word deur 'n meerderheidsbesluit van die vergadering.
- 6.5.11 In alle sake van dringende aard tree die President, en in sy afwesigheid die Vice- Presidente in belang van die Unie op, met dien verstande dat:

- 6.5.11.1 hulle volgens hul diskresie die menings kan inwin van enige ampsdraer(s) of komiteevoorsitter(s) of geaffilieerde lid van die Unie, na gelang van omstandighede; en
- 6.5.11.2 hulle verslag moet doen aan die eersvolgende vergadering van die Algemene Raad of Dagbestuur, na gelang van omstandighede.
- 6.5.12 Die President mag volgens sy diskresie verteenwoordigers van ander organisasies, of enige persoon of persone, uitnooi of toelaat om die vergaderings van die Kongres, Algemene Raad of komitees van die Algemene Raad by te woon en deel te neem aan die besprekings. Sodanige persone is egter onder geen omstandighede stemgeregtig nie.
- 6.5.13 Die President het die reg om enige persoon in enige komitee van die Algemene Raad te koöpteer en om enige persoon te vra om enige vergadering van enige aard van die Unie by te woon en om die betrokke raad of komitee van advies te dien.

7. ALGEMENE BEPALINGS

7.1 Wysiging van Grondwet

- 7.1.1 Hierdie Grondwet kan gewysig word op 'n gewone Kongres of op 'n Kongres spesiaal vir dié doel belê, met dien verstande dat:
 - 7.1.1.1 die Hoof Uitvoerende Beampste minstens sestig (60) dae voor die datum van die Kongres aan alle geaffilieerde lede kennis gee van die voorgestelde wysigings, met volle besonderhede daaromtrent;
 - 7.1.1.2 kennisgewing van voorgestelde wysigings die Hoof Uitvoerende Beampste minstens negentig (90) dae voor die datum van die Kongres moet bereik, behalwe waar die Algemene Raad en/of Dagbestuur wysigings voorstel; en
 - 7.1.1.3 'n meerderheid van stemme uitgebring, ten gunste daarvan is.

7.2 Likwidasië of Ontbinding

- 7.2.1 Geen mosie oor die likwidasië of ontbinding van die Unie sal oorweeg word tensy dit gedoen word kragtens 'n besluit van die Algemene Raad.
- 7.2.2 Die Unie sal gelikwedeer word of ontbind indien twee derdes van stemme uitgebring deur die lede van die Algemene Raad of by 'n spesiale Algemene Raadsvergadering by wyse van geslote stembrief, so 'n voorstel steun.
- 7.2.3 By likwidasië of ontbinding sal die Unie se oorblywende eiendom en bates, na voldoening aan enige verpligtinge, nie uitbetaal of oorgedra word aan geaffilieerde of geassosieerde lede van die Unie nie, maar gegee of oorgedra word aan 'n ander instansië(s) met soortgelyke oogmerke as dié van die Unie en wat self ook vrygestel is van inkomstebelasting, welke oordrag deur die Algemene Raad of spesiale Algemene Raadsvergadering goedgekeur moet word, met dien verstande dat indien daar by likwidasië of ontbinding nie sodanige instansië met soortgelyke oogmerke bestaan nie, die Unie se bates in trust gehou sal word totdat so 'n organisasie gestig is.

7.3 Disaffiliasië

- 7.3.1 'n Besluit van die Unie om sy affiliasië met 'n geaffilieerde liggaam te verbreek kan tydens 'n Algemene Raad of spesiale Algemene Raad geneem word. Ten minste twee derdes van die stemgeregtigde raadslede moet daarvoor stem.

7.4 Vertolking

- 7.4.1 Die Algemene Raad vertolk die Grondwet indien daar enige onsekerheid bestaan oor die bedoeling van 'n bepaling, 'n woord, of 'n sinsnede, of indien enige probleme deur die toepassing van die Grondwet opgelos moet word.

7.4.2 Die Afrikaanse weergawe van die Grondwet sal vir vertolking gebruik word.

8. BYLAES

- Bylaag 1: Ere-toekennings
- Bylaag 2: Delegasie / Goedkeuringsmagte
- Bylaag 3: Begroting en Ouditkomitee riglyne
- Bylaag 4: Komitees deur die Algemene Raad aangestel

AGRI GAUTENG**ERETOEKENNINGS****BYLAAG 1**

Om ooreenkomstig die volgende prosedure deur die Algemene Raad op 'n gepaste wyse eer te betoon aan persone wat besondere diens aan die organisasie en/of die landbou in die Gauteng Provinsie gelewer het, met dien verstande dat, tensy anders vermeld, dit geen regte vir die betrokke persoon ingevolge die Grondwet meebring nie.

1. Die Algemene Raad kan aan 'n uittredende of uitgetrede president 'n erepresidentskap toeken, welke erepresident geregtig sal wees om jaarkongresse op koste van Agri Gauteng by te woon sonder die regte van 'n afgevaardigde.
2. Die Algemene Raad kan aan 'n uittredende of uitgetrede Vise-president 'n ere-vise-presidentskap toeken, welke ere-vise-president geregtig sal wees om jaarkongresse op koste van Agri Gauteng by te woon sonder die regte van 'n afgevaardigde; en
3. Die Algemene Raad kan aan enige persoon of instansie 'n eretoekenning in die vorm van 'n oorkonde doen vir uitmuntende diens aan die organisasie of die landbou in die Gauteng provinsie gelewer, met dien verstande dat die Algemene Raad gemagtig word om die aantal toekennings wat jaarliks gedoen word, te beperk.

**AGRI GAUTENG
DELEGASIE/GOEDKEURINGSMAGTE**

GOEDKEURINGSMAGTE

BYLAAG 2

Goedkeuring word gegee deur die betrokke persoon se handtekeninge of in die geval van die Raad, 'n Raads- of dagbestuurs notulebesluit.

1. UITGAWES

Drie tipes uitgawes word onderskei naamlik:

1.1 Kapitaaluitgawes

Kapitaaluitgawes is nie-verbruikbare depesieerbare items ten opsigte van uitbreiding, vervanging en opgradering van vaste bates. Dit behels ook rekenaartoerusting, sagteware, meubels en ander kantoortoerusting. Die uitgawes kan slegs aangegaan word indien minstens twee kwotasies verkry is.

Sodanige uitgawes moet voorsien word in die jaarlikse begroting.

Magtiging:

- Hoof Uitvoerende Beampte
- Vir tussentydse en onbegrote uitgawes moet magtiging by die Dagbestuur verkry word.

1.2 Ander Uitgawes

Ander uitgawes is verbruikbare items wat die volgende insluit:

Bedryfsuitgawes, onthaalkoste, kleinkas, konsultasiedienste, herstel en onderhoud en aankoop van voorraad.

Magtiging:

- Vir begrote uitgawes, die Hoof Uitvoerende Beampte
- Onbegrote uitgawes en koste van regsdinge moet deur die Dagbestuur goedgekeur word.

1.3 Reis- en verblyfkoste

Magtiging:

- Reisreëlins van personeel moet vooraf met die Hoof Uitvoerende Beampte deur skriftelike aansoek en goedkeuring, uitgeklaar word.

- Reisreëlings van die Hoof Uitvoerende Beampte moet met die President uitgeklaar en op skrif gestel word.

2. KONTRAKTE

Kontrakte behels daardie dokumente waar die organisasie kontraktueel verbind word of dokumentasie wat in regsdinge gebruik word.

Magtiging:

- Kontrakte behoort deur twee (2) persone onderteken te word wat die President en Hoof Uitvoerende Beampte insluit, tensy die Dagbestuur anders sou besluit.
- Die Dagbestuur kan besluit watter kontrakte met goedkeuring van die President aangegaan kan word vir rapportering aan die Algemene Raad.
- Alle ander kontrakte moet aan die Dagbestuur vir goedkeuring voorgelê word.

3. DEBITEURE/KREDITEURE

Hierdie afdeling verwys na die terugskrywing van rente, uitreik van kredietnotas en afskrywing van slegte skuld.

Magtiging:

- Alle afskrywings van slegte skuld, moet deur die Begroting- en Ouditkomitee aanbeveel en deur die Dagbestuur goedgekeur word.
- Die afskryf van affiliasiegeld moet deur die Begroting- en Ouditkomitee aanbeveel en deur die Dagbestuur goedgekeur word.
- Terugskrywing van rente en uitreik van kredietnotas, moet deur die Hoof Uitvoerende Beampte goedgekeur word op aanbeveling van die Begroting- en Ouditkomitee.

4. VOORRAADBEHEER

Voorraadbeheer moet op die volgende items toegepas word.

Promosieklere
Skryfbehoeftes
Breekgoed
Verversings
Skoonmaakmiddels

Handrekords/voorraadkaarte moet gehou word en voorraadtellings moet op 'n tweemaandelikse basis gedoen word deur persone aan wie hierdie verantwoordelikhede toegeken word.

TJEK TEKENMAGTE EN ELEKTRONIESE OORPLASING VAN FONDSE

Enige twee handtekeninge

- Met goedkeuring deur die Dagbestuur kan die President en Hoof Uitvoerende Beamppte tjeks onderteken. (sien bepaling Artikel 6.5.1.3)
- Alle elektroniese oorplasinge word op die stelsel deur die Hoof Uitvoerende Beamppte goedgekeur en dokumentasie word deur 2 handtekeninge gemagtig.

Algemene reël

Alle goedkeurings ten opsigte van koste wat aangegaan moet word, moet eers deur die Hoof Uitvoerende Beamppte as begrote uitgawes geverifieer word, waarna die Dagbestuur magtiging sal verleen.

Oorplasing van fondse

Oorplasing van fondse sal slegs tussen beleggings- en lopende rekening van een organisasie kan geskied en nie van een organisasie na 'n ander oorgeplaas word nie. Sodanige oorplasinge sal slegs gemagtig word deur die Hoof Uitvoerende Beamppte.

AGRI GAUTENG**BEGROTING EN OUDITKOMITEE RIGLYNE****BYLAAG 3****NAAM**

Die Komitee staan bekend as die **BEGROTING- EN OUDITKOMITEE VAN AGRI GAUTENG.**

STATUS

- Die Komitee funksioneer as 'n Komitee en word deur die Algemene Raad aangestel.
- Die Komitee rapporteer direk aan die Algemene Raad, maar sal tussentyds indien dit noodsaaklik geag word, verslag doen aan die Dagbestuur.

DOELSTELLINGS

- Om in samewerking met die Algemene Raad en die eksterne ouditeure in belang van die Unie op te tree.
- Om toe te sien dat die Unie se begroting in ooreenstemming is met die Unie se doelwitte en strategie.
- Om die akkuraatheid, betroubaarheid en geloofwaardigheid van die Unie se finansiële en nie-finansiële verslagdoening te verhoog en te verseker.
- Om hulp aan die Algemene Raad te verleen in die vervulling van hulle verantwoordelikhede en om te verseker dat die interne beheer, inligtingstelsels, rekenkundige praktyke en ouditprosesse van die Unie deurlopend toereikend, effektief en koste-effektief is.

SAMESTELLING

- Die Komitee bestaan uit drie lede wat oor die nodige finansiële- en bestuurskundigheid beskik.
- Lede word vir 'n termyn van twee jaar aangestel, waarna die Algemene Raad uittredende lede vir 'n verdere termyn mag heraanstel. Die Algemene Raad behou hom die reg voor om lede na goeddunke uit die ampte te onthef en ander lede in hul plek aan te stel.
- Amptelike aanstelling of heraanstelling van lede van die Komitee geskied tydens die eerste vergadering van die Algemene Raad na afloop van die Kongres.
- Ampshalwe word die vergaderings bygewoon deur die Unie se President en Hoof Uitvoerende Beampte, en die Unie se eksterne ouditeure.
- Indien 'n vakature in die Komitee ontstaan, moet die Hoof Uitvoerende Beampte, die President van die Unie sonder versuim daarvan in kennis stel. Die Algemene Raad moet by ontvangs van sodanige kennisgewing, of binne 'n redelike tydperk daarna, die vakature vul.

- Die Hoof Uitvoerende Beampte van die Unie behartig die sekretariële pligte van die Komitee.

FUNKSIONERING VAN DIE KOMITEE

- Die Algemene Raad wys die voorsitter aan.
- Indien die voorsitter tydens 'n vergadering afwesig is, stel die teenwoordige lede 'n voorsitter uit hul geledere aan vir die duur van die vergadering.
- 'n Minimum van twee lede moet tydens 'n vergadering in eie persoon aanwesig wees om 'n kworum te vorm.
- Sake word beslis deur 'n meerderheid van stemme en by 'n staking van stemme word die saak verwerp. Daar moet gepoog word om konsensus oor sake te bereik, maar indien die saak wel verwerp word, moet dit aan die Algemene Raad gerapporteer word.
- Die Komitee vergader op 'n gereelde grondslag met 'n minimum van twee vergaderings per jaar waarvan die vergaderingsdatums deur die Komitee self bepaal word met inagnome van veral datums waarop tussentydse en finale verslae van die eksterne ouditeure beskikbaar kom en begrotings hanteer moet word.
- Spesiale vergaderings kan deur enige lid van die Komitee versoek word.
- Notules sal van vergaderings gehou word en so gou doenlik aan die Algemene Raad en Dagbestuur voorgelê word.

MAGTE

Die Begroting- en Ouditkomitee is by magte om:

- Onderhoude met Raadslede, adviseurs en personeellede van die Unie te voer.
- Regstreeks met die eksterne ouditeure te skakel.
- Ondersoek in te stel na sake wat hy nodig ag en om advies van eksterne kundiges in te win.
- Onbelemmerde toegang tot rekords en inligting van die Unie te hê.
- Geskikte persone te koop teer om in die Komitee te dien waar spesifieke kundigheid benodig word;
- Op die nodige hulpbronne aanspraak te maak wat hy nodig mag vind om sy pligte en verantwoordelikhede na behore uit te voer en wat bekostigbaar is.

Begrotingsverantwoordelikhede

- Die Komitee adviseer die Algemene Raad oor tydskele vir die afhandeling van die begroting, met dien verstande dat die Algemene Raad tydens sy eerste vergadering van die jaar, oorweging gee aan die begroting vir die opvolgende finansiële jaar.

- Beheerverslae word aan die Komitee tydens sy vergaderings voorsien vir die monitering van prestasie teenoor die begroting.

ODITVERANTWOORDELIKHEDE

Die Komitee is verantwoordelik vir die:

- Beoordeling van die voorgestelde ouditomvang en –benadering van die eksterne audit om te verseker dat alle kritiese risiko-areas op 'n effektiewe wyse aangespreek word.
- Nagaan en evaluering van die effektiwiteit van die eksterne auditeure se werkverrigting.
- Die evaluering van die toereikendheid van die auditprosedures wat uitgevoer moet word, welke prosedures die toetsing van kontroles en die kontrolering van die rekenkundige rekords moet insluit.
- Versekering dat die eksterne audit onafhanklik gedoen word en nie in enige mate beperk of gekortwiek is nie.
- Notering van die datums wanneer verslae ingedien moet word en wanneer finansiële jaarstate en ander toepaslike vereistes gefinaliseer moet word.
- Identifisering van stappe wat gedoen moet word om probleme wat in die vorige finansiële jaar teëgekomp is, te vermy, om sodoende onnodige auditwerk te vermy.

Die Komitee gee oorweging aan die volgende aspekte:

- Die effektiwiteit van die interne rekeningkundige beheer soos tydens die eksterne audit geïdentifiseer.
- Beduidende meningsverskille tussen die eksterne auditeure en die administrasie.
- Enige wesenlike onopgeloste rekeningkundige en auditprobleme wat gedurende die eksterne audit geïdentifiseer is.
- Veranderinge in die omvang of benadering van die eksterne audit in reaksie op veranderde omstandighede of probleme wat ondervind is teenoor dit wat in die oorspronklike auditplan uiteengesit is.
- Aanbevelings aan die Algemene Raad oor die aanstelling en/of heraanstelling van die eksterne auditeure en die oorweging van die begrote auditfooie en vergoeding wat aan die eksterne auditeure betaal word.
- Monitering van die finansiële oordeel en optrede van die personeel van die Unie.

Die Komitee se verslagdoening sluit die volgende in:

- 'n Beoordeling of daar aan die algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk en ander voorskrifte by die opstel van die finansiële jaarstate voldoen is.

- Openbaarmaking van enige moontlike risiko's vir die Algemene Raad deur dit onder die aandag van die President te bring.

Kontrole-verwante aspekte

- Beoordeling van die beleid en prosedures wat deur die Algemene Raad in werking gestel is ten einde te verseker dat die rekenkundige en verwante interne beheerstelsels toereikend is en effektief funksioneer.
- Identifikasie van belangrike risiko's waaraan die Algemene Raad blootgestel is en bevestiging dat die interne beheerstelsels daarby betrokke, toereikend is en effektief funksioneer.
- Beoordeling van geïdentifiseerde swakhede in die rekenkundige en interne beheerstelsels, en die stappe geneem om die geïdentifiseerde swakhede reg te stel.

Interne oudit-aangeleenthede

- Die evaluering van die doeltreffendheid en effektiwiteit van die hantering van die Unie se finansies en beheermaatreëls.

AGRI GAUTENG**KOMITEES DEUR DIE ALGEMENE RAAD AANGESTEL****BYLAAG 4**

Die Grondwet bepaal dat die Algemene Raad 'n Vergoedingskomitee asook 'n Begroting- en Ouditkomitee kan aanstel. Hierbenewens moet die Sentrums van Uitnemendheid wat aangestel word ook in die bylae gelys word. Die Raad stel die volgende komitees aan:

- Natuurlike Hulpbronne
- Ekonomie en Handel
- Grond
- Arbeid en Ontwikkeling
- Landelike Veiligheid

Elke Sentrum van Uitnemendheid bestaan uit 5 permanente lede wat deur die Algemene Raad aangewys word, nadat nominasies van affiliasies vir die vakature vooraf aangevra is, maar alle affiliasies van die Unie mag vergaderings van die komitees bywoon en moet van 'n sakelys voorsien word.

Die Algemene Raad wys 'n voorsitter vir elke Sentrum van Uitnemendheid aan wat verkieslik 'n dienende raadslid moet wees.

Elke Sentrum van Uitnemendheid wys sy eie onder-voorsitter uit sy geledere aan.

Die Sentrum van Uitnemendheid word gekonstitueer tydens die eerste vergadering van die Algemene Raad na afloop van die Kongres.

Die Algemene Raad kan ook 'n Regsadvieskomitee aanstel om die Unie te adviseer oor sy betrokkenheid by regsgedinge en litigasie.

DEFINISIES

Tensy anders aangedui, beteken definisies in hierdie Grondwet:

1. “Ampsdraer/bestuurslid” dui op ‘n persoon wat ‘n uitvoerende gesagsposisie bekleë.
2. “Bankrekening” dui op ‘n rekening by ‘n geregistreerde bank, geregistreer in terme van die Bankwet, 1990 (Wet 94 van 1990) of by ‘n gemeenskaplike bank, geregistreer in terme van die Gemeenskaplike Bankwet, 124 van 1993.
3. “Finansiële jaar” beteken vir Agri Gauteng ‘n tydperk wat op 1 Maart ‘n aanvang neem en op 28/29 Februarie van die volgende jaar eindig.
4. “Finansiële State” beteken ‘n rekenkundige verslag oor die finansiële resultate van ‘n entiteit in die vorm van twee finansiële state, naamlik:

’n **Balansstaat** wat aantoon wat die finansiële toestand op ‘n bepaalde tydstip is in terme van die bates wat die entiteit besit, die laste wat dit verplig is om te vereffen en die resulterende ekwiteit wat die verskil tussen die bates en die laste is, en

’n **Inkomstestaat** wat die finansiële prestasie in terme van inkomste en uitgawe en die resulterende wins of verlies oor ‘n bepaalde tydperk toon.

5. “Geregistreerde nie-winsgewende organisasie” beteken ‘n nie-winsgewende organisasie, geregistreer in terme van klousule 13(vii) van die Wet op Nie-winsgewende Organisasies, 71 van 1997.
6. “Huishoudelike reëls” omsluit die fundamentele beginsels waaronder die onderneming (Agri Gauteng) bestuur en beheer sal word.
7. “Nie-winsgewende organisasie” dui op ‘n trust, maatskappy of ander organisasie van persone:
 - a. gestig met ‘n openbare doelstelling; en
 - b. waarvan die inkomste en eiendom nie verdeelbaar is onder die lede en ampsdraers nie, tensy dit as redelike vergoeding vir dienste gelewer, aangewend word.
8. “Regspersoon” dui op ‘n vennootskap, gemeenskap of ander organisasie van persone, geïnkorporeer of nie-geïnkorporeer, met volle regsbevoegdheid, en wat afsonderlik van die lede bestaan.
9. Geaffilieerde Lede
Dit is lede wie se ledegeld volledig betaal is vir die betrokke boekjaar. Sodanige lede het stemreg in Agri Gauteng
10. Geassosieerde Lede
Dit is lede wat die belang van landbou wil bevorder. Sodanige lede het nie stemreg in Agri Gauteng nie.

Dit is instansies wat by Agri Gauteng aansluit soos 'n landboubesigheid; besighede wat sake wil doen met Agri Gauteng of sy lede; of byvoorbeeld handelsbanke, insetverskaffers, agri-besighede, koöperatiewe landboumaatskappye en/of –verenigings. Die Algemene Raad, wat die finansiële omstandighede in ag neem, stel die jaargelde vir sodanige instansies vas. Die jaargelde word jaarliks vasgestel en is jaarliks betaalbaar aan Agri Gauteng. Geassosieerde lede het geen stemreg nie.

11. “Omskrywings”

- a. 'n Affiliasie van Agri Gauteng is 'n liggaam wat hom die welvaart van die kommersiële landbouprodusente ten doel stel en met goedkeuring van die Algemene Raad van Agri Gauteng, onderworpe is aan sekere finansiële verpligtinge, lid van Agri Gauteng word. Dit beteken dat so 'n affiliasie in alle regte en voorregte van Agri Gauteng deel, asook kan meehelp om magte, regte en voorregte in die lewe te roep. Die affiliasies word verteenwoordig deur die aanvaarde lidmaatskaps-kategorieë van Agri Gauteng (par 7 van die Grondwet asook die Huishoudelike reëls verwys).
- b. 'n Spesialiteitsvereniging is 'n vereniging waarin produsente wat dieselfde produk verbou, hulle saam groepeer om die belange van sodanige produk te behartig.
- c. 'n Boerevereniging is vir die doeleindes van die grondwet 'n vereniging van kommersiële landbouprodusente wat hulle die welvaart van die produsent ten doel stel. 'n Boerevereniging affilieer by Agri Gauteng en verkry dus sodoende sittingsreg op die Algemene Jaarvergadering van Agri Gauteng.
- d. 'n Streeks Landbou-vereniging is 'n liggaam wat tot stand kom as 'n aantal boereverenigings in 'n sentrale liggaam, wat bestaan uit verteenwoordigers van genoemde boereverenigings. Dié vereniging het sy eie bestuur en ten doel om hierdie boereverenigings se belange gemeenskaplik te bestuur. Die belange gebied sal gewoonlik ooreenstem met die streeks munisipale afbakening en verteenwoordig besluitneming wat kommersiële landbou in die afgebakende gebied kollektief raak. Dit is die taak van hierdie liggaam om die gemeenskaplike belange van lede uit die gebied te bestuur en as skakel na Agri Gauteng te dien. Die Streeks Landbou-vereniging hoef nie streng volgens distriksgrense ingedeel te wees nie.
- e. 'n Bedryfskomitee is 'n komitee van Agri Gauteng wat in 'n spesifieke bedryf ten opsigte van 'n landbouproduk spesialiseer om die bedryfsbelange van die bedryf doeltreffend te behartig.
- f. 'n Koöperasie is vir die doeleindes van hierdie grondwet 'n landbouvereniging of -maatskappy wat volgens die Koöperasiewet gestig is met die doelstellings soos in genoemde Wet vervat.